University of Groningen

Die makro-ekonomiese verband tussen die openbare en privaatsektor in Suid-Afrika.

Falkena, Hans Boudewijn

IMPORTANT NOTE: You are advised to consult the publisher's version (publisher's PDF) if you wish to cite from it. Please check the document version below.

Document Version
Publisher's PDF, also known as Version of record

Publication date:
1979

Link to publication in University of Groningen/UMCG research database

Citation for published version (APA):
Falkena, H. B. (1979). *Die makro-ekonomiese verband tussen die openbare en privaatsektor in Suid-Afrika.* s.n.

Copyright
Other than for strictly personal use, it is not permitted to download or to forward/distribute the text or part of it without the consent of the author(s) and/or copyright holder(s), unless the work is under an open content license (like Creative Commons).

Take-down policy
If you believe that this document breaches copyright please contact us providing details, and we will remove access to the work immediately and investigate your claim.

Downloaded from the University of Groningen/UMCG research database (Pure): http://www.rug.nl/research/portal. For technical reasons the number of authors shown on this cover page is limited to 10 maximum.

Download date: 17-05-2021

staan hierdie nuwe nasies agter by nagenoeg 'n dertigtal state wat tans wel in die Verenigde Volke erken word nie.

Die ingewikkeldheid van die Suid-Afrikaanse bevolkingsvraagstukke bring mee dat die regering se ordeningsbeleid maklik gekritiseer kan word. Dit is eenvoudig om abstrak-teoreties te argumenteer dat sosiaal-kulturele verskille tussen volke geen rol in tussenmenslike verhoudinge behoort te speel nie, maar die ervaring leer dat hierdie verskille dwarsdeur die wêreld juis 'n deurslaggewende rol speel. Die Suid-Afrikaanse regering is bewus van die vraagstukke wat met sy ordeningsbeleid gepaard gaan; die groot vraagstuk is egter om prakties aanvaarbare alternatiewe te vind. Soos die Eerste Minister[1] ook by herhaling beklemtoon het, is die beleid van veelvolkige ontwikkeling spesiaal daarop gemik om slegs Suid-Afrika se ordeningsvraagstukke die hoof te bied: "...gentlemen, my policy is not for export - I'd love to sell you all sorts of products but I'm not trying to sell my policy to you, it is not for export, it is devised to deal with the complex South African multi-national situation. I don't expect you to agree with it, I'm not quarreling with those who don't agree with it, I don't expect people to understand it, I will not fling words at them because they fail to understand it, but what I have the right, in all sincerity, is to ask the world to give us credit that in a very complex society, we are doing our level best to do justice to each and every population group and to each and every people in my country, and that is the sole aim and object of my government..."

7 SAMEVATTING

Die bevindings in hierdie hoofstuk word as volg saamgevat:

Die dualistiese karakter van die Suid-Afrikaanse volkshuishouding bring die regering voor feitlik ongekende vraagstukke te staan en bemoeilik sy rol as skepper van sosiaal-

---

1) Vorster, B.J., Internasionale perskonferensie te Wenen op 20 Mei 1977.

ekonomiese orde in beslissende mate. Binne die vryemarkstelsel word die belangrikheid van privaatinisiatief as 'n dryfkrag erken en beperk die openbare sektor hom tot sake wat veral voortvloei uit die gebreke van die vryemarkstelsel. Maar in die Swart tuislande, wat hoofsaaklik selfversorgende stelsels het, oefen die openbare sektor met 'n soort sentrale beplanning 'n dominerende invloed uit. Die ontplooiing van 'n privaatsektor word in die Swart tuislande bemoeilik hoofsaaklik deur die gebrek aan 'n bestaande mark, aan Swart ondernemers, en aan 'n behoorlike menslike en fisiese infrastruktuur. Om die Swart tuislande ekonomies te verhef en uiteindelik in die vryemarkstelsel op te neem, vereis aanvanklik uitgebreide openbare beplanning en regulering. Ondanks groot openbare besteding sal die opname van die selfversorgende stamgemeenskappe in die vryemarkstelsel waarskynlik nog 'n tydsame en moeisame proses wees.

Die beleid van veelvolkige ontwikkeling beoog uiteindelik die handhawing van etniese identiteit binne 'n sekere geografiese gebied. Om dié oogmerk te verwesenlik, het die regering uitgebreide wetgewing op sowel sosiaal-politieke as ekonomiese gebied uitgevaardig. Die arbeidsmobiliteit van Swartes ten opsigte van Blanke gebiede is byvoorbeeld aan streng beheer onderworpe, maar ook die vestiging en mededinging van Blanke bedrywe in die Swart gebiede word streng gereguleer. Die groot vraag is egter of die ekonomiese ontwikkeling in die tuislande, wat feitlik geheel en al 'n openbare aangeleentheid geword het, met die werking van die vryemarkmeganisme geharmonieer kan word. Sonder (Blanke) privaatinisiatief is dit twyfelagtig of die openbare sektor, met sy beperkte middele en binne 'n gegewe tydsbestek, die tuislandontwikkeling ten uitvoer kan bring.

In teenstelling met die beleid van veelvolkige ontwikkeling, verskil die rol van die openbare sektor as skepper van sosiaal-ekonomiese orde in die vryemarkstelsel in die Republiek van Suid-Afrika nie in wese van die rol wat dié sektor in ander Westerse nywerheidslande speel nie. Openbare beplanning

en regulering vloei hoofsaaklik voort uit grondliggende vraagstukke van die Westerse markstelsel. Ten eerste druk die politieke orde sy stempel op die openbare beplanning af deur middel van faktore soos openbare rekenpligtigheid aan die parlement wat 'n sekere burokratiese beplanningstruktuur afdwing; politieke druk van die kant van die arbeidstem, die boere en verbruikers om sekere gerigte owerheidsoptredes op die privaatsektor af te dwing; binnelandse sosiaal-politieke gebeure soos rasse-onluste wat verdere openbare regulering afdwing; en die talle opdragte aan die openbare sektor om sekere abstrakte en kollektiewe sosiaal-ekonomiese doelwitte namens die gemeenskap te verwesenlik. Ten tweede dwing die voortskrydende tegnologie toenemende openbare beplanning af om die vraagstukke van risiko, kapitaalbehoeftes, beskerming van die verbruikersoewereiniteit, omgewingsbewaring, ruimtelike ordening, en skaalvoordele op te los. Ten slotte vloei openbare beplanning ook voort uit die algemene vertroue van die publiek in die regering om ekonomiese vraagstukke op sowel makro- as mikrovlak op te los.

Aan die kant van die privaatsektor bestaan daar die wens dat die openbare sektor sy invloed slegs op sekere terreine moet uitbrei ten einde die bedryfsvraagstukke van risiko, opleiding, navorsing, kapitaalbehoefte en versekerde afsette te hanteer. Die openbare regulasies het egter verreikende gevolge vir die privaatsektor se beplanning. Ten eerste raak openbare beplanning, soos omgewingsbeheer, die kostestruktuur van die bedryfslewe. Ten tweede beïnvloed openbare regulasies, soos pensioenskemas en indiensnemingsprosedures, die institusionele verhoudinge tussen die owerheid, werkgewers en werknemers. Ten slotte vereis die toenemende openbare regulasies ook 'n verandering in die bestuurstruktuur van privaatondernemings.

Die uiteindelike beperkinge wat op openbare beplanning in 'n vryemarkstelsel gelê word, is in algemene terme uiters moeilik bepaalbaar omdat die openbare sektor weens die eise van ekonomiese regverdigheid of weens tekortkomings van die markmeganisme hom nie van die mark afsydig kan hou nie. Die

merietebepaling van openbare regulasies vereis in groot mate mikro-ekonomiese analise. In die algemeen kan daar waarskynlik slegs opgemerk word dat openbare regulasies soveel moontlik berekenbaar moet wees sodat die onderlinge mededinging en prysseine in die privaatsektor so min moontlik daardeur aangetas word. Die grense waartoe die openbare beplanning en ordeskepping uiteindelik gevoer word, kan as 'n aangeleentheid vir sowel die openbare as die privaatsektor geag word. Vir die openbare sektor in Suid-Afrika kan dit onder meer beteken dat hy die aanbevelings van die Ekonomiese Ontwikkelingsprogram as bindend moet beskou, en vir die privaatsektor dat hy die onderlinge oorlegkomitees nie moet afskeep met 'n tipe verteenwoordiger wat in die bedryfslewe nie gemis sal word nie. Ten einde te verhoed dat die magdom van openbare regulasies privaatinisiatief smoor en dat die privaatsektor daardeur toenemend verburokratiseer raak, moet goeie samewerking - en wedersydse begrip vir mekaar se probleme - tussen die openbare en privaatsektor ontwikkel word. Een van die grootste voordele van die vryemarkstelsel is waarskynlik sy elastisiteit om hom by veranderende omstandighede te kan aanpas, en daar moet feitlik ten alle koste verhoed word dat hierdie elastisiteit onnodig deur openbare regulasies aangetas word. Selfdissipline word dus van die owerheid verwag, asook die krag om nie voor politieke drukgroepe te swig nie. Terselfdertyd moet die privaatsektor berus in die feit dat die mark slegs kan bestaan danksy die staatsgesag.

Die beleid van veelvolkige of afsonderlike ontwikkeling is uniek in die wêreld. Die oogmerk van die beleid is om die talle vraagstukke in Suid-Afrika met betrekking tot sy veelvolkige samestelling op vreedsame wyse by te lê.[1)] Amptelike werkreservering is teenswoordig van min praktiese betekenis. Die beleid om die Swart tuislande tot onafhanklike en ekonomies lewenskragtige state te ontwikkel, is daarenteen een van die grootste ontwikkelingsprojekte ter wêreld. Ondanks die idealisme, moeite en koste skep die huidige beleid van multinasionale ontwikkeling tog ten minste vyf

---

1) Sien ook: Woord Vooraf.

fundamentele vraagstukke. Ten eerste is dit onwaarskynlik dat, met die huidige demografiese ontwikkeling, alle Swartes binne die historiese grense van die tuislande in diens geneem kan word. Ten tweede is die Blanke Republiek van Suid-Afrika in beslissende mate van Swart arbeid afhanklik, wat tot talle vraagstukke op die gebied van sosiaal-politieke verhoudinge aanleiding gee. Ten derde skep die huidige pendelaarsisteem vraagstukke vir die Swart tuislande omdat hulle beste arbeiders na die Blanke nywerheidsgebied afvloei, nywerheidsontwikkeling gestrem word deur die talle regulasies ten opsigte van Blanke eiendomsbesit in die tuislande, die staatkundige grense van die tuislande nie noodwendig met die ekonomiese belange van die land strook nie, en die koopkrag van die Swartes grotendeels in die Blanke gebiede bestee word. Ten vierde sal die skepping van 'n homogene Blanke tuisland tot groot ekonomies-politieke vraagstukke aanleiding gee, veral met betrekking tot 'n aanvaarbare verdeelsleutel om die grondgebied te verdeel en met betrekking tot die verskuiwing van miljoene mense. Ten vyfde lok die beleid van veelvolkige ontwikkeling internasionale teenkanting uit wat lei tot kapitaalvlug, verminderde buitelandse kapitaalinvloei, handelsboikotte teen in- en uitvoer en verhoogde militêre besteding.

Die groot vraagstukke in die wêreld tussen die ryk en arm lande word in Suid-Afrika as 't ware in 'n mikrokosmos aangetref. Dit het vir die ruim 4 miljoen Blankes feitlik 'n onmoontlike taak geword om vir die vinnig groeiende Gekleurde bevolking voldoende werkgeleentheid te skep. Die Suid-Afrikaanse regering is terdeë bewus van die ingewikkeldheid van sy bevolkingsvraagstukke en die gepaardgaande ordeningsvraagstukke. Dit is relatief eenvoudig om geskilpunte in die tussenmenslike verhoudinge in Suid-Afrika aan te wys - hulle word trouens dwarsdeur die wêreld gevind. Die groot vraagstuk is egter om prakties aanvaarbare alternatiewe te bied.